**Sondag, 24 Maart 2024**
**Palmsondag**

**Die Koning van dié koninkryk: 'n Sagmoedige!**

*"Dit het gebeur, sodat vervul sou word wat deur die profeet gesê is:*
*'Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe: Hy is sagmoedig en sit op 'n donkie, op 'n jong donkie, die vul van 'n pakdier.' … Die skare het gesê: 'Dit is die profeet Jesus, die Een van Nasaret, in Galilea."*
(Matteus 21:4-5 en 11)
"*Toe sê Jesus vir hom:*
*'Bêre jou swaard op sy plek. Want almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard omkom. Of dink jy nie Ek kan maar net my Vader aanroep, en Hy sal dadelik meer as twaalf legioene engele tot My beskikking stel nie? Maar hoe sal die Skrifte dan vervul word wat sê dat dit só moet gebeur?'"*
(Matteus 26:52-54)

Vanoggend kom ons – in die geestesoog en lees van die Matteus-evangelie – saam met Jesus, sy dissipels en 'n opgewonde pelgrimskare by Jerusalem aan; om die draai op die pad van Betfage/Betanië af, rondom die hang van die Olyfberg, die Dawidstad voor ons. Drie keer reeds het Hy aan sy dissipels bekendgemaak: *"Die Seun van die Mens gaan oorgelewer word in die hande van mense…"* (Mat. 16:21; 17:22 en 20:18). Binnekort – teen die Woensdag – sou Hy dit 'n vierde keer aankondig, maar met nóg groter beklemtoning: *"Julle is bewus daarvan dat die Pasga oor twee dae plaasvind, en dat die Seun van die Mens oorgelewer gaan word om gekruisig te word"* (26:2)…

En steeds het Jesus "stories van vergelyking" vertel, "gelykenisse"; "the shortest distance to the truth". 'n Geestelike werklikheid soos "die koninkryk van die hemel", vergelyk met iets aards, bekends, alledaags vir sy hoorders, en meestal eenvoudig en klein: 'n "Saaier het uitgegaan om te saai…" (Mat. 13:3); "terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom…" (13:25); die koninkryk van die hemele is soos "'n mosterd-saadjie" of "suurdeeg" of "kosbare pêrel" (13:31, 33, 46); 'n "klein kindjie" of 'n "verlore skaap" (18:3 en 12); hopelose werkloses wat "terelfderure" tóg in diens geneem word, die wingerd binnekom en dan die vólle genade-loon ontvang (20:14) – want só is die Koning van dié koninkryk! Verrassend ánders! Die Koninkryk, én Hýself – ánders as die verwagting; ánders as die opvattinge van die tyd en wêreld. Wanneer Hy daardie laaste Sondag – die eerste dag van die Laaste Week – sy bestemming bereik, Jerusalem en die tempel, is dit asof 'n gelykenis voor die oë van die skare beliggaam word; "in vervulling gaan" (21:4). En wanneer daardie selfde Laaste Week tot 'n onverwagse, traumatiese einde kom (Matteus 26 en 27), is dit dieselfde ándersheid van dié Koning wat opval, terwyl legioene engele gereedgestaan het…

Ons nooi jou uit: Kom lees en luister, herdenk en glo dit alles wéér hierdie week – dié "stories" wat Jesus van Nasaret oor die koninkryk van God vertel en uiteindelik self beliggaam het…

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom ook aan alle besoekers, nuwe lidmate en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "Vervul, o Heer, my hart met stille wyding" (Lied 391:1 & 3) |
| **Votum** | (uit Jesaja 53) |
| **Wydingslied:** | "U lyding breek my trotse hart en rede" (Lied 391:4) |
| **Voorlesing:** | "Goue Poort, Jerusalem" (uit: *Jerusalem tot Johannesburg*, IL de Villiers) |
| **Stilte vir 'n gebed om vrede…** | |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | "Kom, loof die Heer se liefdesdade" (Psalm 118:1 & 7) - staande |
| **Gebed** | |
| **Gebedslied:** | "Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:1) |
| **1e Skriflesing:** | Matteus 21:1-11 |
| **Gebedslied:** | "Heer, bewaar my dig by U" (Psalm 16:1 – tweede beryming) |
| **2e Skriflesing:** | Matteus 21:12-17 |
| **Gebedslied:** | "Alles wat ek hier ontvang" (Psalm 16:2 – tweede beryming) |
| **Verkondiging** | |
| **Verootmoediging:** | "Jesus wat my liefhet, Heer" (Lied 578:3) |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostolicum |
| **Offergawe van liefde en dank** | |
| **Uitnodiging en uitsending…** | |
| **Slotlied:** | "Jesus, U gaan voor" (Lied 505:1 en 2, en dan vers 4) |
| **Seënbede, Amen en Orrelnaspel** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 24 Maart | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte en gebed* (Taizé) |

Die volgende Fokus verskyn op Sondag, 7 April, wanneer ons kategese ook hervat.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig, of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe... Ingeval van nood in die volgende twee weke, kontak ds. Jan Lubbe (082-784-9362).

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 24 Mrt | Elsie Haasbroek. |
| 25 Mrt | Ida Harris en Johan Janse van Rensburg. |
| 26 Mrt | Adrie Hechter, Ludelle Slabbert en Wynand Viviers. |
| 27 Mrt | Anna-Marie Fourie, Pieter le Roux en Kayla Pelser. |
| 28 Mrt | Alida Attwell, Marieta de Wet en Gerhard Jansen. |
| 29 Mrt | Henry Denner, Roelof Jacobsz, Rynhardt Janse van Rensburg, Lana Loots, Helé Samuel en Yvonne Theunissen. |
| 30 Mrt | Anna-Marie Herbst, Ida Jansen van Rensburg, Willemien Smuts en Carli van Staden. |
| 31 Mrt | Magriet Benade, Juane-Mari Janse van Rensburg en Liesbeth Swiegers. |
| 1 April | Quilly Jacobs, Ethan Rabie en Karli van Heerden. |
| 2 April | Denise Cilliers, Chris Gouws, Reynder Greyling, Liné Grobler, Lienkie Marais en Henco van der Westhuizen. |
| 3 April | Amanda van Zyl. |
| 4 April | Johan de Beer, Henry Heennop, Hanroux Loots, Jacquélle Malan, Eric Nel en Elsje Spies. |
| 5 April | Leslie Attwell, Corrie Barnard, Riana Foord, Elouise Fourie, Johan v/d Heever |
| 6 April | Mia Griesel, Frik Pelser, Brink Visser en Marieta Visser. |

Ons gelukwense aan Yvonne Gouws (Kapt. Dawsonstr. 4, wyk 14) met die geboorte van haar kleinkind!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Tannie Rina Visser (Batonstr. 2, wyk 2); Marieta de Wet (Winterstr. 19, wyk 6b); Manie Pickard (Winterstr. 7, wyk 6b); Koos Kritzinger (Bella Donna 17, wyk 12); Francois Laux (Leipoldtstr. 28, wyk 7c); Marianne Nel (SeweDamme 121, wyk 8b); Tannie Hantie Meyer (Languna 29, De Villiers Brinkstr, wyk 18a); Oom Kosie Kruger (Plaas Vlakspruit, wyk 13a); Oom Mike de Kock (Serenicare 5, wyk 15a) en Sheila Prinsloo (Serenitas 160, wyk15). Mag die Here naby elkeen van hierdie siekes wees.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid ‘n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

**Ons Bybelstudies het afgesluit vir die kwartaal;** hervat weer ná die Herfsvakansie op Woensdag en Donderdag, 3 en 4 April 2024.

## KERKRAADSAKE

**Verlof:**

Ds. Johan Marais is met vakansieverlof vanaf Vrydag, 22 Maart tot Saterdag, 6 April 2024.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Maart sorg **wyke 3** (Blok agter kerk en wes tot by Eie Haard-Koshuis) en **4** (Westelike hoër hang teen Grant's Hill) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Marthina van Zyl in die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GETUIENISBEDIENING**
**Gemeentemark: 5 April** (per ongeluk uitgeval op die Almanak)
Skenkings van klerasie & kombuisware & helpers welkom!

### GROOT LYDENSWEEK EN PASE 2024

| | |
|---|---|
| Sondag, 24 Maart | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *"Die Binneste Kamer"* (Taizé) |
| Groot Lydensweek, 25-28 Maart: | 07:00 – Ds. Jan Lubbe: Oggendwydings in kerkgebou (Matteus 22-25: Gelykenisse van twee seuns, huurders, 'n bruilof en die hoenderhen – met musiek en stilte). |
| Witte Donderdag, 28 Maart: | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: Aandnagmaal en wyding (Matteus 26, 'n Diens van Woord en sakrament, verdonkering en 'n stilte afwagting) |
| Goeie Vrydag, 29 Maart: | **09:00** – Dr. Martin Laubscher: Oggenddiens (Matteus 27, 'n Diens van Woord, oordenking, stroping en gebed). |
| Opstandingsondag, 31 Maart: | 09:30 – Ds. Janke Hurter: Oggenddiens (Matteus 28:1-10, 'n Feestelike viering van die goeie nuus dat Jesus leef!) |

Soos elke jaar weer, word ons herinneringe en aanbidding tydens hierdie byeenkomste en eredienste verryk deur musiek, voordragte, kleure en simboliek –
*"Vervul, o Heer, ons hart met stille wyding....."*
(Lied 391)



### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 24 Maart: **ENGO Maatskaplike dienste.**
U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).** Oorweeg asb. biddend u finansiële ondersteuning vir ons gemeentelike lewe vanjaar en vir die versterking van ons noodlenigingsaksies. **Baie dankie!**

SnapScan